Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

SEPTEMBER 2022

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

INFRASTRUKTUURINVESTERING TEN BEDRAE VAN R19 MILJOEN VERWERKLIK

AAN DIE BEGIN VAN AUGUSTUS MOES OVERSTRAND SE UITVOERENDE BURGEMEESTER, DR. ANNELIE RABIE, EN RDL. CLINTON LERM, VOORSITTER VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEE VIR INVESTERING EN INFRASTRUKTUUR, HUL DRAAIE MOOI KEN:

Die eer om die amptelike oorhandiging van nie een nie maar drie groot infrastruktuurprojekte waar te neem, het hulle binne die bestek van twee dae te beurt geval.

Op die 2de Augustus was hulle daar om die amptelike opening van die busroete ter bediening van die Blompark-behuisingsprojek aan te kondig en om die voltooiing van die opgradering van grootmaatriolering in die Masakhane-area te vier wat dit moontlik gaan maak om 1 184 gedienste persele en 295 laekoste-behuisingseenhede in dié area te ontwikkel. Hierdie opgraderings/verbeterings was nodig om te verseker dat daar voldoende kapasiteit is om huidige en toekomstige behuisingsontwikkelings te akkommodeer.

Ten bedrae van nie minder nie as R11,3 miljoen, het hierdie opgradering die installering behels van 'n hoëdigtheidpoliëtileen-valrioolpyplyn met 'n deursnee van 630 mm wat in Gansbaai se afvalwaterbehandelingsaanleg stort. Gegewe die afstand was uitgrawings, mikro-tonnels, die herstel van pyplynslote en die herbevlakking van padreserwes aan die orde van die dag, en hiervoor is twee plaaslike kontrakteurs gesubkontrakteer.

Aangesien 'n addisionele 643 gedienste persele tans in Gansbaai se Blompark- en Beverly Hills-area ontwikkel word, het Munisipaliteit Overstrand ook gehoor gegee aan 'n beroep op verbetering van die vervoernetwerk in die area ter bevordering van openbare veiligheid. Juis daarom is 'n busroete met meegaande sypaadjies geskep wat tegelyk die toename in voetverkeer en die verhoogde vraag na openbare vervoer sal akkommodeer.

Om hierdie busroete te skep, moes toegangspaaie verleng, lane en sypaadjies verbreed, kruisings opgegradeer en padreserwes herbevlak word. Totale besteding aan hierdie projek het R4.4 miljoen beloop en het elf werksgeleenthede geskep.

GROOTMAATRIOLERING AFGEHANDEL, WATERBEHANDELINGSAANLEG OPGEGRADEER EN BUSROETE LOOP

Die amptelike inbedryfstelling van die nuwe belugtingsaanleg is waargeneem deur Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, vergesel deur (van links) Coenie Loubser (Veolia), Hanré Blignaut (adjunk-direkteur: ingenieursbeplanning), Goosen le Roux (bestuurder: grootmaat-waterdienste), rdl. Ronald Nutt (voorsitter van die portefeulje gemeenskapsdienste), rdl. Clinton Lerm (voorsitter van die portefeulje investering en infrastruktuur), onderburgemeester rdl. Lindile Ntsabo, ald. Elnora Gillion (voorsitter van die portefeulje plaaslike ekonomiese ontwikkeling) en rdl. Arnie Africa (voorsitter van die portefeulje bestuursdienste).

Net 'n dag later, op die 3de Augustus, het die burgemeester en lede van haar komitee die voorreg gehad om die amptelike ingebruikneming van die nuwe belugtingsaanleg by die Preekstoel-waterbehandelingsaanleg in Hermanus waar te neem.

Noudat hy verskeie toetslopies onder toesig van Munisipaliteit Overstrand en die betrokke kontrakteurs (iX Engineers, Tricom Africa en Veolia Water) deurloop het, gaan hierdie aanleg verseker dat die hoë konsentrasies van yster en mangaan in water komende van die Gateway-boorgate doeltreffend behandel word en dat die terugvloei van biofiltrering- en konvensionele behandelingsaanlegte geskik is vir hergebruik. Boonop gaan die biofiltreringsaanleg ook help om die kapasiteit van water wat uit die Hemel-en-Aarde-vallei onttrek kan word te verhoog.

Die belugtingsaanleg het die vermoë om sewemiljoenliter onbehandelde water per dag te behandel en is teen 'n koste van R3,35 miljoen opgerig.

"Ons het al hierdie projekte onderneem in ooreenstemming met die behoeftes wat in Munisipaliteit Overstrand se huidige geïntegreerde ontwikkelingsplan geïdentifiseer is," het Burgemeester Rabie gesê. "Alhoewel ons heel tevrede is met wat ons tot dusver bereik het, moet daar nog heelwat vermag word om te verseker dat Overstrand waarlik 'n tuiste vir almal bied."

EERSTE VAN VELE TENDERS UIT OM INVESTERING TE LOK

Tydens die beleggerskonferensie wat in Junie 2022 gehou is, is twaalf stukke grond wat vir gemengdegebruikontwikkeling geïdentifiseer is, onder potensiële beleggers se aandag gebring.

Hierdie erwe kan potensieel vir 'n hele verskeidenheid gebruike ontwikkel word, wat wissel van perlemoenplase, 'n ontsoutingsaanleg, aftree-oorde, hoëronderwysinstansies, restaurante, kampeerterreine, kleinskaalnywerhede tot mediese fasiliteite en meer.

Die amptelike prosesse om die stukke grond, soos ten tyde van die konferensie geïdentifiseer, te vervreem, het reeds 'n aanvang geneem en die eerste van vele tenders is reeds gepubliseer en is nou op die munisipaliteit se webwerf beskikbaar:

Tendernr.	Voorstel
SC2308/2022	Verhuring en ontwikkeling van 'n gedeelte van erf 4831 Hermanus en 'n gedeelte van erf 5327 Hermanus vir die ontwikkeling van 'n openbare oord
SC2331/2022	Verkoop van ongeregistreerde erf 12308 Hermanus vir die ontwikkeling van mediese fasiliteite en verwante gemeenskapsfasiliteite
SC2332/2022	Verhuring, bestuur en instandhouding van erf 9199 Hermanus (geleë in Zwelihle) vir gemeenskapsdoeleindes

Aldus Rdl. Clinton Lerm (burgemeesterskomiteelid vir infrastruktuur en investering) is die voorneme om die res van die tenders binne die volgende paar maande te adverteer. Belangstellende partye word dus aangeraai om 'n oog op die pers te hou en om die munisipaliteit se amptelike webwerf www.overstrand.gov.za gereeld te besoek.

STEUNPILARE GEPAS VEREER

Natasha Bruiners, Loretta Veldsman, Burgemeester Annelie Rabie, Estelle Johannessen en Erica Leukes

Cornelia van Niekerk, Charlyn Vosloo, Burgemeester Annelie Rabie, Sandy Waddingham en Dr Anina Lee

Christine May, Jenny Sauls, Maria-Anita Pieterse, Burgemeester Annelie Rabie, Florrie Cupido en Soraya Pieterse

Nobelungu Mphemba, Thembisa Blekiwe, Faniswa Shumane, Burgemeester Annelie Rabie, Mary Motlohi en Khuthuzwa Nyalela

Op Saterdag 13 Augustus 2022 het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Dr. Annelie Rabie, die eer gehad om daardie vroue in ons gemeenskap wat altyd bereid is om uit hul pad te gaan om diegene in nood te help, te verwelkom by 'n ontbyt in Hermanus ter viering van hulle wat ander inspireer.

"Julle 'enigiets is moontlik'-houding en opgewekte benadering tot die lewe dien as 'n inspirasie vir elkeen wat julle pad kruis, en daarvoor sê ons dankie.

"Mag ons ook nooit julle voorgangers vergeet wat, ondanks vele ontberings, nooit weggedeins het van daardie instinktiewe oproep om in die bresse te tree vir diegene in nood nie.

"Daar is min mense wat hul weg deur die lewe gebaan het wat nie 'n storie kan vertel oor 'n vrou – 'n ma, 'n suster, 'n niggie of selfs 'n onbekende vrou – wat hul paaie gekruis het en wat hulle gehelp het om daardie uitdagings waarmee hulle gekonfronteer is, met nuwe ywer aan te pak nie.

"Ons kan almal 'n blaadjie uit julle boek neem: Moet nooit huiwer om oor die pad te stap – of dit nou by die huis of by die werk is – na iemand wat oënskynlik in nood verkeer nie.

"Onthou, soms kan mens 'n groot verskil maak deur bloot daardie een te wees op wie iemand anders kan steun."

VROUE IN UNIFORM VERDIEN HOOGSTE LOF

"Julle bewaar nie net die vrede nie maar gaan ook uit julle pad om almal veilig te hou, en daarvoor is ons julle ewig dankbaar."

Vrouemaand het heel gepas op 1 Augustus afgeskop met die verwelkoming deur Uitvoerende Burgemeester dr. Annelie Rabie van 'n hele kontingent vroue in uniform by 'n spesiale geleentheid in die Hermanus-ouditorium ter ere van hulle.

Dié geleentheid is deur Overstrand-beskermingsdienste gereël en is bygewoon deur vrouebeamptes verbonde aan die SAPD, korrektiewe dienste, gemeenskappolisiëringsforum, noodmediese dienste en provinsiale padveiligheid sowel as verteenwoordigers van verskeie staatsdepartemente en NRO's soos Vroue in Aksie.

In haar openingsrede het Burgemeester Rabie onomwonde verklaar dat die gemeenskap trots moet wees op en respek moet betoon teenoor vroue in uniform en die werk wat hulle doen na waarde moet skat. "Hulle is daar om te help om die vrede te bewaar en om te verseker dat almal, maar veral vroue en kinders, veilig en behoue bly in gemeenskappe wat wetsgehoorsaam is en mekaar respekteer.

"Ons is dit aan hulle verskuldig om hande te vat in die stryd teen geslagsgeweld, kindermishandeling en verwaarlosing en om te sorg dat geregtigheid geskied vir die slagoffers van hierdie afskuwelike misdade.

"As jy vermoed dat 'n vrou of kind mishandel of verwaarloos word, moenie stilbly nie: Rapporteer jou vermoede onmiddellik aan een van ons wetstoepassingsagentskappe. Deur stil te bly, versaak jy nie net die slagoffer nie maar versterk jy ook die hand van die dader. Dít opsigself is 'n groot misdaad.

"Die vroue wat vandag hier teenwoordig is, is ook eggenote, ma's, susters, tannies en niggies. Kortom, hulle verstaan die uitdagings waarmee vroue op 'n daaglikse basis te kampe het en, as ons 'kollegas" in die stryd teen misdaad, is hulle daar om te sorg dat vroue elke dag van die jaar met die nodige respek behandel word, nie net gedurende Augustus nie.

"Op hierdie, die eerste dag van Vrouemaand 2022, is my boodskap aan alle vroue in Suid-Afrika: Neem beheer, wees trots op jouself en jou bydrae tot die samelewing, en moet jouself nooit gering ag nie. Jy het die reg om met net soveel respek as enige ander burger in hierdie land behandel te word."

#OVERSTRAND4ALL

– selfs vir harige vierpotiges

Op Vrydag 15 Julie het brandweer-en-reddingsdienste – met die hulp van diegene wat ons stormwaterriole en strate in stand hou – weer eens bewys dat Overstrand se toegewyde personeel meer as gewillig is om uit hul pad te gaan om te help.

Die dierbare brakkie van 'n besoekende gesin uit Gauteng het in 'n stormwaterpyp in 10de Straat, Voëlklip beland.

Dit het nogal 'n gespook gekos, maar op langelaas was die effe oorblufte maar ongedeerde brakkie tog te bly om met sy mense herenig te word.

BOERDERYKORTING

Eienaars/boere wat bewys kan lewer dat hul eiendom vir *bona fide* boerdery-doeleindes gebruik word, kan om 'n korting op eiendomsbelasting aansoek doen.

Aansoeke sluit op 30 September 2022. Die verlangde vorms kan afgelaai word via www.overstrand.gov.za. Gaan na Documents en klik op *Forms*.

Rig navrae in hierdie verband aan Overstrand se eiendomsbelasting- en databeheerkantoor by 028 313 8000 of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

NOODNOMMERS

- **In geval van NOOD OF TEËSPOED, bel Overstrand se brandweer-en-reddingsdienste by 028 312 2400**
- **Rapporteer probleme verwant aan INFRASTRUKTUUR (water, elektrisiteit, riolering, afvalverwydering, ens.) aan die 24-uur-noodbeheerkamer by 028 313 8111**
- **Meld algemene klagtes rakende WETSTOEPASSING by die naaste polisiestasie aan, of bel 028 313 8980 of 028 313 8996**

ALGEMENE NAVRAE

Rig navrae rakende munisipale rekeninge, vordering met die goedkeuring van bouplanne, ensovoorts aan enquiries.overstrand.gov.za. So nie, bel jou plaaslike administrasie:

- **Kleinmond 028 271 8400**
- **Hermanus 028 313 8000**
- **Stanford 028 341 8500**
- **Gansbaai 028 384 8300**

'N WOORD VAN WAARSKUWING AAN NAWEEK- EN VAKANSIEGANGERS

SORG DAT TENKWAENS VOORUIT BESPREEK WORD OM ONNODIGE ONGERIEF TE VERMY

Oor langnaweke en gedurende vakansies stroom mense van heinde en verre na hierdie pragtige deel van die wêreld om te kom ontspan en 'n beitjie kwaliteittyd in die geselskap van familie en vriende deur te bring.

Ongelukkig ontaard, wat veronderstel was om 'n ontspanne wegbreekkansie te wees, al te dikwels in 'n nagmerrie omdat iemand vergeet het om 'n tenkwa te bespreek.

Ter illustrasie, net in die Hangklip-Kleinmond-area moes ons in die loop van 2021 se Paasnaweek 1 820 noodversoeke vir suigdienste behartig.

Gegewe dat hierdie diens bedryf word gebaseer op 'n lewertyd van twee tot drie dae, word naweek- en vakansiegangers aangeraai om suigdienste lank voor die tyd te bespreek.

Om die suig van jou riooltenk te skeduleer, bel:

Hangklip-Kleinmond	**028 271 8400/8404/8435**
Groter Hermanus	**028 313 8000/5059/8090**
Stanford	**028 341 8500/8516**
Groter Gansbaai	**028 384 8300/8328/8367**

Wanneer jy só 'n versoek skeduleer, sorg dat jy jou erfnommer of, in die geval van 'n plaas, jou rekeningnommer verstrek. Sorg ook dat jy 'n verwysingsnommer versoek van die operateur wat jou oproep behartig.

#ThinkBeforeYouFlush en moet asseblief nie wag totdat jou tenk oorloop nie.